HOOFSTUK 7

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING VAN DIE STUDIE

7.1 Inleiding

In die laaste hoofstuk word besin oor die studie in die geheel. Die insette word geëvalueer voordat aanbevelings vir verdere studie op die terrein van bedrog gemaak word. Aan die hand van die doelwitte wat die navorser aan die begin van die studie gestel het, moet nou bepaal word of hierdie navorsingsondersoek in sy doel geslaag het.

7.2 Doel van die ondersoek

Die vrae wat in afdeling 1.2 van hierdie studie gestel is, word opnuut in oënskou geneem om te bepaal of hierdie navorsing die doelstellings van die studie bereik het soos in hoofstuk 1 uiteengesit is. Om te probeer bepaal wat die oortreder motiveer om bedrog te pleeg soos gestel is in afdeling 1.2.1, word die drie vrae weer gestel, waarna navorser ‘n evaluering hiervan weergee, naamlik:

7.2.1 Is daar bepaalde veranderlikes wat konstant in die studie voorkom en meer lig op motivering vir bedrog kan werp?

In die oorweging van motiewe vir bedrog word onderskei tussen primêre, sekondêre en komplekse behoeftes. Die primêre behoeftes sluit sielkundige behoeftes in terwyl die sekondêre behoeftes al die behoeftes is wat grotendeels deur die leerproses beïnvloed word, soos sekuriteit en aggressie. Die komplekse behoeftes word vanuit die sosiale konteks verkry, byvoorbeeld sosiale goedkeuring, status, mag en so meer.

In die studie het daar elemente na vore getree wat direk met al drie van hierdie vorme van behoeftes – primêr, sekondêr of kompleks – verbind kan word. Geval 1 het byvoorbeeld aggressie, wat ‘n sekondêre behoefte is, tydens die ondersoek geopenbaar. By geval 4 was daar wrokkige gevoelens aanwesig wat as komplekse motiewe by die oortreder geïdentifiseer is.

Na aanleiding van die bevindings wat gedurende die studie gemaak is, is die navorser van mening dat die motiveringsfaktore vir die pleeg van bedrog meer omvattend en kompleks van aard is as wat aanvanklik verwag is. Dit dui daarop daar meer motiveringsfaktore by die oortreder teenwoordig kan wees as net gierigheid.

7.2.2 Indien finansiële redes wel die oorwegende motief is, wat presies word hierby ingesluit?

Finansiële redes word dikwels as die primêre motief vir bedrog aanvaar. In hierdie studie dui die finansiële redes egter nie op persoonlike geldnood nie. Met ander woorde, dit gaan hier nie om oorlewing nie, maar om uitgebreide finansiële

oorwegings. ‘n Aantal beweegredes is op mikrovlak by die oortreders geïdentifiseer wat direk met finansiële redes verband hou. Hierdie finansiële motief word deur verskillende stremmingsfaktore bepaal, byvoorbeeld dobbelprobleme, afhanklikheidsvormende middels wat alkoholmisbruik insluit en druk om in die familielede se behoeftes te voorsien. Dit is sommige van hierdie dryfvere wat in die ondersoek na motiveringsfaktore dikwels na vore getree het. Daar is dus ‘n aantal uitgebreide finansiële oorwegings teenwoordig.

7.2.3 Is daar beweegredes waarvan kennis geneem moet word?

Uit empiriese bevindings is dit duidelik dat daar nie regtig erkenning gegee word aan stressors soos die afhanklikheid van afhanklikheidsvormende middels by die pleeg van bedrog nie. Dobbelary is ook ‘n betekenisvolle stressor wat in hierdie studie geïdentifiseer is. So is hebsug byvoorbeeld een faktor wat maklik ander moontlike beweegredes by die oortreder kan oorskadu, maar dan behoort die rol wat sekondêre of komplekse behoeftes speel, nie oor die hoof gesien te word nie. Die individu soek oplossings vir stressors en dikwels word die geleentheid binne die werkplek geskep om probleme op te los. Bedrog word meermale as oplossing beskou.

7.2.4 Hoe kan bedrog verklaar word?

Daar is verskeie teorieë waarvolgens bedrog verklaar kan word. Die navorser is van mening dat stremming ‘n sinvolle sowel as toepaslike element is wat by die verklaring van bedrog ingesluit moet word. Sodra hierdie stremmingselement by kontemporêre verklarings vir bedrog bygevoeg word, is die verklaring meer toepaslik, aangesien dit op empiriese bevindings gebaseer is. Die bestudering van hierdie model is veral van belang teen die agtergrond van die kompleksiteit van witboordjiemisdaad. Die ingewikkeldheid hiervan word die beste opgesom deur die volgende uittreksel uit *Friederichs* (1996:37): “*Geen akademiese dissipline laat ons toe om ’n dieper en breër insig te verkry van iets so kompleks soos witboordjiemisdaad nie.*” Hy sê verder dat “*geen teorie of verduideliking alle vorme van witboordjiemisdaad pas nie*”.

Die verklaring vir hoe bedrog plaasvind, kan verder volgens die riglyne van die misdaadgebeurtenis-model verduidelik word. Deur aandag aan die voorlopers van die misdaad te skenk, kan ‘n beter beeld van elke oortreder verkry word. Dit is veral die stressors wat ‘n belangrike rol in die voorlopers van die misdaad ‘n rol speel, aangesien die druk wat die persoon ervaar, van individu tot individu kan verskil. Tog is dit belangrik dat die druk (stressors), wat ‘n gemene deler is, by die misdaadverklaring ingesluit word.

7.3 Prosedures en tegnieke van data-insameling

Die metodologie van die studie het ‘n waardevolle bydrae gelewer tot hierdie bevindings. Die navorser is ná afhandeling van die studie daarvan oortuig dat die tegniek om data in te samel, naamlik die ontleding van die hofdokumentasie en die onderhoude met kundiges, ’n doeltreffende manier was om nuwe insigte te bekom. Dit is die inhoud van veral die voorvonnisverslae wat die navorser toegang verleen het tot die persoonlike aspekte van die oortreders se lewensomstandighede. Laasgenoemde sluit in hul werksopset, persoonlike omstandighede sowel as die *modus operandi* in die pleeg van die bedrog. Al hierdie aspekte, tesame met die misdaadgebeurtenis-model, het ‘n geïntegreerde geheelbeeld van elke subjek verstrek.

7.4 Bedrog as misdaad

Bedrog as oortreding is ‘n aktuele misdaadvraagstuk. Die navorser het op ‘n deurlopende grondslag nuwe inligting teëgekom wat hierna verwys. In ‘n berig wat in *Cape Times* (2004:1) verskyn het, sê *Steven Powell*, hoof van die forensiese afdeling van die prokureursfirma *Sonnenberg, Hoffmann* en *Galombik,* dat die oorgrote meerderheid van die bedrog en korrupsie in Suid-Afrika totaal onopgemerk voortduur en bloot toevallig deur forensiese ondersoekers ontdek word. *Powell* voeg egter by dat hoewel ‘n groot aantal bedrog- en korrupsiegevalle in die verlede nie by die *Suid-Afrikaanse Nasionale Polisiediens*

(SAPD) aangemeld is nie, hierdie tendens besig is om te verander, aangesien die wet vanaf 31 Julie 2004 vereis dat diegene in gesagsposisies hulle aan strafbare optrede skuldig maak indien hulle sulke voorvalle nie by die *SAPD* aanmeld nie. *Powell* is verder optimisties dat die nuwe wetgewing, sowel as forensiese ondersoeke, hulle in staat sal stel om die verliese weens die bedrog wat opgespoor is, te verhaal. Hiertoe kan veral die *Batebeslagleggingseenheid* 'n bydrae lewer.

Ten spyte van al hierdie ligpunte in die bestryding daarvan is dit duidelik dat bedrog 'n misdaad is wat altyd deel van die Suid-Afrikaanse samelewing sal wees. In 'n berig in *Sunday Times* (Business Times 2004:18) word verwys na die stadige vordering wat die Suid-Afrikaanse regering maak met betrekking tot die ondersoek na korporatiewe misdaad. Die artikel se opskrif lui "*SA drags feet on corporate crime*" en dit verwys na die vinnige vordering wat in die Amerikaanse regstelsel gemaak is na aanleiding van die Enron- en die WorldCom-saak. In teenstelling met die Verenigde State van Amerika lui die plaaslike berig: "*But in South Africa the wheels of justice have moved slowly, with many cases still being investigated and others, which have reached court, dragging on. In South Africa a number of listed companies have experienced commercial crime and action against former directors who have been implicated is going slowly, if at all. It has been reported that commercial crime in SA remains, relative to other major countries, unpunished largely the authorities do not have the resources to investigate complex financial engineering. An additional problem is that companies which have been defrauded are often left in*

serious trouble, if not in liquidation – leaving no funds to bring the former directors to book." Dit is hierdie tipe beriggewing wat ’n mens laat besef dat bedrog as misdaad deel van die kriminoloog se navorsingsagenda moet bly.

7.5 Die werkplek en bedrog

Die werkplek blyk die ideale speelveld vir bedrog te wees. Meestal het daar swak beheermaatreëls gegeld wat die ideale geleentheid vir die oortreder geskep om bedrog in die werkplek te pleeg.

By nabetragting kan daar twee prominente aspekte uitgesonder word wat ‘n belangrike rol speel om bedrog in die werkplek aan bande te lê. Die eerste aspek behels die behoorlike ondersoek van ‘n potensiële werknemer voordat hy of sy in ’n bepaalde pos by ‘n sakeonderneming of organisasie aangestel word. Gepaard hiermee gaan die deurlopende monitering van moontlike gevaarligte. Volgens *Reid* in (*Screening out white-collar crime): “**Pre-employment and in-service screening is the answer to helping companies detect possible loss-makers before they have the chance to reach a flagpole**.”*

Dit is dus ‘n voorkomingsmaatreel wat effektief toegepas en verder uitgebrei kan word, byvoorbeeld om vir sekere persone magtiging te verleen om inligting uit die *SAP 69* stelsel te verkry om vas te stel of die potensiële werknemer enige vorige oortredings begaan het.

Die bevindings van beskikbare studies dui daarop dat die kwalifikasies op die CV’s van meer as die helfte van senior bestuurders vervals is, veral diegene wat

meer as R500 000 per jaar verdien. Statistieke wat deur die werwingsmaatskappy *Woodburn Mann* uitgereik is, toon dat werkgewers tot vyf keer die waarde van die jaarlikse salaris van die werknemer op senior vlak verloor as gevolg van die beknoeiing van CV's. Derhalwe is voor-indiensnemingsondersoeke een van die mees gewaarborgde maniere om 'n maatskappy se risiko tot die minimum te beperk.

Uit die keurings wat *Woodburn Mann* uitgevoer het, het dit aan die lig gekom dat meer as 5% van alle potensiële werknemers vorige veroordelings weens die een of ander ernstige oortreding het. Teen heelparty van diegene was daar 'n lasbrief vir inhegtenisneming uitstaande as gevolg van misdrywe wat wissel van rooftogte tot ontsnapping uit aanhouding.

Arbeidswetgewing raak al hoe strenger en indien die verkeerde persoon in diens geneem word, is dit uiters moeilik vir die maatskappy om agterna van hom of haar ontslae te raak. Maatskappye behoort 'n risikowaarde en profiel te heg aan 'n pos wat gevul moet word om te verseker dat die toepaslike vrae aan die kandidaat gestel word. Die antwoorde wat die werkaansoeker verskaf, moet dan volgens 'n aantal kriteria geëvalueer word, aangesien wat ons wil weet, dit is wat die kandidaat nie sê nie. Die ideaal vir maatskappye sal wees dat personeel sal instem tot 'n deurlopende en gereelde kontrolering van hul status vir enige afwykings.

Gavin Buys, konsultant vir nywerheidsverhoudinge by *Povey, Mulvenna* en *Vennote,* voer aan dat daar 'n fyn grens tussen die wettige beskerming van die

maatskappy se bates en die skending van die werknemer se menslike regte moet wees. Vooraf-keuring is goed en wel, volgens *Buys*, maar die proses moet versigtig volgens die maatskappy se werknemersbeleid ontwikkel word om te verseker dat die inligting wat blootgelê is, toepaslik vir die werknemer se posisie is en dat nie-toepaslike inligting nie die werkaansoeker benadeel nie. Indien deurlopende ondersoeke ingestel word, moet dit ontwikkel en uitgevoer word in oorleg met werknemersinstellings en met hul toestemming en betrokkenheid *(Cairns* 2004:50).

Die tweede belangrike aspek wat deur *Buys* gemeld word, is: ” ***… in the end it is only through creating a culture of honesty and loyalty among staff that one will curb white-collar crime. That task rests solely with the leadership***” *(Cairns* 2004:50).

7.6 Aspekte vir verdere navorsing

Die navorser is van mening dat daar twee prominente fokusareas ten opsigte van bedrog is wat navorsing verg. In die eerste plek is daar soveel uiteenlopende vorme van bedrog dat navorsing oor ‘n spesifieke soort bedrog ‘n beduidende bydrae kan lewer tot die kennisgebied van hierdie misdaadverskynsel.

In tweede instansie meen die navorser dat inligting oor die impak van bedrog beperk is en meer aandag behoort te geniet om die erns van hierdie misdaadprobleem uit te lig.

7.6.1 Versekeringsbedrog as spesifieke vorm van bedrog

Wat toekomstige navorsing betref, is daar ‘n terrein wat heelwat navorsing verg, naamlik dié van versekeringsbedrog. Dit is ‘n terrein wat toenemend kommer wek en waarin groot bedrae geld betrokke is. Hierdie soort bedrog word gepleeg deur Suid-Afrikaanse burgers waarvan die agtergrond verskil. *Gerhard Joubert*, uitvoerende direkteur van *die Life Offices Association of South Africa,* sê die omvang van langtermyn-versekeringsbedrog in Suid-Afrika is veel groter as wat voorheen vermoed is. In die tydperk 1 Januarie tot 31 Maart 2004 het die getal vals eise 1 582 bedra met ‘n waarde van R72,2 miljoen. Gedurende 2003 was daar altesame 4 237 bedrogeise met ‘n eiswaarde van R247,4 miljoen. “*As a result, in addition to existing measures the industry is looking at introducing further short- and long-term measures to address the incidence of fraud*” (Joubert 2004:27).

Mike Jackson, uitvoerende hoof van die *Professional Provident Society,* sê dat bedrog in die lewensversekingsektor hoofsaaklik op die gebied van ongeskiktheidseise gepleeg word.

“There are occasional fraudulent death claims, but most fraud is with disability. When the economy is doing poorly and people are out of work their inclination to make false claims increases” (*The Insurance Industry* 2004:10). In dieselfde artikel word die interessante opmerking gemaak dat die grootste bedrog in KwaZulu-Natal voorgekom het. Toekomstige navorsing sal heel waarskynlik meer lig op hierdie verskynsel kan werp. *Nazeer Hoosen*, besturende direkteur

van *Regent Life,* sê dat "*Fraud is extremely prevalent in the life industry and the ease with which records can be tampered with and acquired makes it a lucrative target. Recent media attention focused on falsified identity documents. This has always been the Achilles' heel of life insurance and will continue to be so until processes are put in place to combat it effectively*" (*The Insurance Industry* 2004:10).

7.6.2 Die impak van bedrog

Die koste of impak van bedrog kan nie slegs ten opsigte van finansiële oorwegings bepaal word nie. Nossen (2000:11–18) onderskei tussen die koste daarvan deur na mense en samelewings te verwys. Daar word naamlik 'n onderskeid getref tussen individuele slagoffers, sake-slagoffers, samelewings as slagoffers en regerings as slagoffers. Dit is die navorser se mening dat die slagoffers van bedrog verwaarloos word en uitgebreide navorsing vereis. Die slagoffer is immers 'n wesenlike komponent binne die studiegebied van die kriminologie.

7.7 Gevolgtrekking

Ten slotte is dit die navorser se oortuiging dat slegs indien al die voorlopers van die bedrieër in ag geneem word, met inbegrip van die profiel van die oortreder, kan 'n beter beeld van die oortreder verkry word om die motiveringsfaktore te

probeer bepaal. Deur die motiveringsfaktore beter te verstaan kan beter voorsorgmaatreëls getref word om bedrog in die werkplek te beheer.